Hoërskool Oosterlig
Geskiedenis Graad 10
Opdrag 2 Datum: Gegee: 10-06-2020
Inhandig: 17-06-2020

Naam en Van:_____

Bestudeer gegewe Bron en beantwoord dan die vrae wat volg. Maak ook gebruik van jou eie kennis waar van toepassing.

Hierdie bron fokus op een van die redes vir die Mfecane (Difaqane). Dit gee 'n tradisionele siening van koning Shaka as die leier van die Zulus.

In die negentiende eeu het 'n jong Zulu-krygsman, Shaka, begin om sy oom Dingiswayo se Mthethwa-hoofmanskap te konsolideer en 'n formidabele weermag te bou, waarmee hy teen die vyandige Ndwandwe-groep geveg en hulle vernietig het. Hy het na die dood van sy vader, Senzangkhona, die heerskappy van die AmaZulu-groep oorgeneem en die drie hoofmanskappe in een groep saamgevoeg wat later die Zulu-koninkryk genoem is ...

Daar is baie stories oor sy wreedheid en tirannie [diktatorskap]. Byvoorbeeld, na sy moeder Nandi se dood het hy baie van sy eie mense vermoor as 'n teken van rou – alhoewel geskiedkundiges tog redeneer dat dit 'n manier was om van sy politieke opponente ontslae te raak eerder as 'n teken van hartseer.

Shaka se weermag, wat gegroei het tot 40 000 man, het 'n veldtog begin om ander onafhanklike hoofmanskappe in die omgewing te inkorporeer en hul graan en vee geplunder so ver hulle gaan. Baie is oorwin, sommige in bloedlose veldtogte, maar ander het hulle invallers beveg. Waar hulle verloor het, het sommige – soos Mzilakazi se mense – besluit om eerder te vlug as om deur die AmaZulu oorwin te word. Hulle het noordwaarts oor die Limpoporivier gevlug en hulle in wat vandag as suidwestelike Zimbabwe bekend staan, gevestig. Hulle het bekend geword as die AmaNdebele. Dit is die Mfecane genoem.

[Vertaal uit: *History Grade Ten* deur E Maloka et al.]

1.1 Watter DRIE hoofmanskappe het Shaka saamgevoeg om die Zulu- nasie te vorm?

_____

_____

_____

(3 x 1) (3)

1.2 Hoe het Shaka getreur oor die dood van sy moeder Nandi?

_____

_____

_____

(1 x 2) (2)

1.3 Watter verduideliking gee geskiedkundiges vir die manier waarop Shaka op sy moeder se dood gereageer het?

_____

_____

_____

_____

(2 x 1) (2)

1.4 Waarom, volgens die bron, het Shaka 'n sterk weermag gehad?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(1 x 3) (3)

1.5 Verduidelik die konsep Mfecane in jou eie woorde.

(1 x 2) (2)

1.6 Lewer kommentaar oor of Mzilakazi geregverdig was om vir die AmaZulu te vlug.

(2 x 2) (4)

1.7 Verduidelik in watter mate die inligting in hierdie bron beskou kan word as 'n betroubare verslag oor die Mfecane.

(2 x 2) (4)

[20]